# POTCHEFSTROOM GIMNASIUM
# JAARVERSLAG 2024

Potchefstroom Gimnasium is ‘n formidabele skool wat baie geleenthede bied vir leerders om hulle volle potensiaal te bereik. Die skool het in 2024 vele hoogtepunte beleef en verskeie uitsonderlike prestasies behaal. Baie dankie aan elke Gimmie wat bygedra het tot die skep van tydlose herinneringe. Ons onderwysers, leerders, ouers asook die gemeenskap het doelgerig gewerk om nog ‘n uitsonderlike hoofstuk in die skool se geskiedenis te skryf.

‘n Besondere woord van dank aan die Beheerliggaam, onder leiding van dr. Jossie du Plooy, wat geen tyd of moeite ontsien om net die beste vir ons leerders te bied nie.

Bowenal, alle eer aan ons Hemelse Vader wat ons met pragtige leerders geseën het. Ons het groot suksesse op vele terreine, soos in hierdie jaarverslag uiteengesit, behaal en is opreg dankbaar vir ‘n geseënde jaar.

## 1. INFRASTRUKTUUR

### Geboue

Die verbetering van fasiliteite bly ‘n prioriteit sodat ons net die beste aan ons leerders kan bied.

Die dakoorhang rondom die skoolgeboue het aandag nodig gehad en is herstel waar nodig. Drie stelle trappe en twee klasse is nuut geteël en gebreekte teëls is in die saal vervang. Klaskamers is waar nodig uitgeverf. Krieketkleedkamers is verbeter en geverf, en die GimGym is opgegradeer. Hierdie fasiliteit bied aan ons sportleerders die geleentheid om op hoë vlak te oefen om hulle volle potensiaal op die sportveld te bereik.

Aandag is gegee om proaktiewe planne en optrede in plek te plaas, soos die diens van lugversorgers en brandblussers, bemestingsprogramme, diens van voertuie en die transformator.

### Skoolterrein

Die vier netbalbane langs die personeelkamer se oppervlaktes is herseël. Nuwe hekmotors is by verskeie hekke by die skool en koshuis geïnstalleer sodat dit met ‘n toep beheer kan word. Die eerste fase van besproeiing is by verskeie grasperke geïnstalleer sodat die terrein altyd netjies kan vertoon.

Verfwerk by die tennishuisie, swembadafdakkie, en Musieksentrum is afgehandel en beide krieketskerms by die Oval is ook geverf. Die palissade is herstel waar dit nodig was en die verfwerk is afgehandel.

Die nuwe parkeerarea is voltooi en dit is beslis ‘n groot aanwins vir die skool omdat die op- en aflaai van leerders baie veiliger is. Die ingang in Thabo Mbeki-rylaan is ook verander en ligte is op verskeie plekke aangebring om die veiligheid van ons leerders en ouers te verseker.

### Mooivallei-sportgronde

Voorbereiding en instandhouding van die sportvelde was hoog op die prioriteitslys en met die hulp van ouers en BL-lede is daar weer kunsmis op die velde gestrooi. Sproeiers is op ‘n gereelde basis herstel en aandag is ook aan die pomp gegee, wat druk baie verbeter het. Die kanonspuite is herstel wat help met besproeiing by die C-rugbyveld.

Snoeiwerk is deurlopend aan bome gedoen. Werk is ook aan die gewigstootsirkels gedoen.

Beide krieketskerms is geverf en ‘n nuwe telbord is met GSOK, borge en ouers se hulp opgerig. Dit is ‘n reuse-aanwins vir Mooivallei en toeskouers sal die rugbytelling nou met gemak kan volg. ’n Nuwe klankstelsel is ook op die pawiljoen se dak aangebring.

## 2. AKADEMIE

### 2.1 Matriekuitslae 2023
### Onderskeidings:

| | |
|---|---|
| Tien | Rika Goede |
| Sewe | Juléne Barnard, CF Deacon, Annika du Plooy, Nadia Gouws, Michelle Kruger, Wian Landman, Danielle le Roux, Hermanus Steyn, Deandré Lombard |
| Ses | Marilise Badenhorst, Annemé de Wet, Jayden du Toit, Dewald Lubbe, Zander Mostert, Mieke Retief, Lando Verster, Marko Werkman |
| Vyf | 7 leerders |
| Vier | 12 leerders |

Gimmies is baie trots op die feit dat ons in 2023 en 2024 by die Departement van Onderwys se nasionale uitnemendheidstoekennings-geleentheid as die beste kwintiel 4-skool in Suid-Afrika aangewys is.

Hierdie tipe erkenning span die kroon op ons leerders en onderwysers se harde werk en ons is dankbaar vir dié groot eer wat ons skool te beurt geval het.

### 2.2 Wiskunde-olimpiade

Vyftig leerders neem aan ronde een van die nasionale wiskunde-olimpiade deel. Nege en twintig dring na ronde twee deur. Die top 100-leerders in elke kategorie (junior en senior) is geïdentifiseer om aan ronde drie deel te neem en Frederik van der Westhuizen, ‘n graad 11-leerder, kwalifiseer hiervoor. Ook in hierdie ronde het hy uitstekend gevaar en hy word by die prysuitdelingsfunksie in Kaapstad as die toppresteerder van die kwintiel 4-skole in die senior kategorie aangewys. Ons is baie trots op sy prestasie.

### 2.3 Wiskunde-verrykingsprogramme

Sigma-wiskunde bied ondersteuning en verryking aan wiskunde-leerders. Twee honderd en tien leerders het vir die klasse ingeskryf en hulle is met ekstra hulp en voorbereiding vir toetse en eksamens bygestaan. Die verbetering in leerders se wiskunde-punte is ’n aanduiding van die sukses van die programme.

### 2.4 Proverto nasionale hoërskole-olimpiade

Proverto bied in 2024 weer eens ‘n nasionale olimpiade vir gr.10-12 rekeningkunde-, besigheidstudies- en ekonomie-leerders aan. Hierdie olimpiade is baie uitdagend. Twintig Gimmies het deelgeneem en baie goed gevaar. Sewentien dring na die tweede ronde deur. Anri Hamman, ‘n graad 11-leerder, het die beste gevaar tydens die tweede ronde. Sy behaal 87% vir ekonomie.

## 2.5 Besigheidsimulasie

Mentorvennoot het hierdie jaar weer die Gimmie-spanne geborg om aan die restaurantsimulasie-uitdaging deel te neem. Die groep van twee en twintig graad 10- en 11-leerders is in drie groepe verdeel en het strategiese planne gemaak om die Kasjiengville-besigheid winsgewend te maak. Na vyf uur se planne beraam en baie berekeninge het groep drie gewen. Landswyd kom die Gimmie-spanne sewende, agtste en negende.

Ons bedank graag vir mnre. Andries Domburg en Marius Joubert vir hulle insette en dat Gimmies by die verrykingsprogram betrokke kan wees. Baie dankie ook aan mnr. Owen Blaauw en me. Melinda Groenewald wat as fasiliteerders opgetree het en vir leerders blootstelling aan vaardighede gegee het om rekeningkunde, besigheidstudies en ekonomie praktykgerig toe te pas.

## 2.6 Afrikaans-olimpiade

Vanjaar het sewentien leerders met goeie gevolg aan die Afrikaans-olimpiade deelgeneem. Inge Grobler, Frederik van der Westhuizen, Kari Goede en Carike Hattingh eindig onder die top 20 in Noordwes. Inge eindig ook onder die top 40 in Suid-Afrika. Gimmies is voorwaar trots op hierdie leerders.

## 2.7 Taalbondeksamen

Die SA Taalbond bied jaarliks ‘n tweetaligheidseksamen aan en vyf Gimmies neem vanjaar met goeie gevolg aan dié eksamen deel. Inge Grobler verwerf ‘n sertifikaat vir haar uitsonderlike prestasie in Afrikaans en Engels. Sy behaal ‘n A- vir Afrikaans en B-simbool vir Engels en eindig onder die top 10-presteerders in Suid-Afrika.

## 2.8 Wetenskap-olimpiade

Leerders het in Augustus aan die nasionale wetenskap-olimpiade deelgeneem. Dit is een van die uitdagendste olimpiades waar leerders wat goed presteer ook oorsee kan gaan deelneem. Dit is verblydend dat meer Gimmies elke jaar aan hierdie olimpiade deelneem.

## 2.9 Akademiese toer

Die toptientoer is ‘n jaarlikse hoogtepunt vir al die toppresterende leerders in graad 8-11. Vyf en sestig leerders het vanjaar die toer meegemaak.

Die toer het vroegoggend op Donderdag 12 September afgeskop. Leerders het die *Nelson Mandela Capture Site* besoek voordat hulle na die ATKV Natalia-oord in Illovo, KwaZulu-Natal, vertrek het. Vrydag het hulle by *uShaka Marine World* in Durban deurgebring. Saterdag is leerders met ‘n reptieltoer en tradisionele Zoeloe-danse by *Phezulu Safari Park* bederf. Saterdagaand is die toer met ‘n heerlike fliek afgesluit. Vanjaar se toer was beslis een om te onthou.

# 3. KULTUUR

## 3.1 Uitvoerende Kunste

’n Oorvloed geleenthede is vanjaar aan Kunste-leerders gebied. Die Kunste-*capping* is tydens die Kunsteweek gehou. Leerders is opgewonde oor hulle Kunstebalkies en die Gimmie-kunste blouroos wat hulle vir toegewyde deelname aan Kunstespanne ontvang het.

Die onderskeie ensembles het suksesvolle optredes by Eisteddfods, kompetisies en konserte gehad.

Tydens die Kabaretvertonings kon leerders verskeie ensembles en items beplan, inoefen en voordra.

By die Gimmie- en Allegretto IPE-Eisteddfod is goeie prestasies behaal. ‘n Kompetisiespan is op grond van hulle prestasies by die Gimmie-Eisteddfod vir die Allegretto-Eisteddfod gekies. Leerders het aan verskeie rondes in hulle genres deelgeneem en twee Gimmies eindig onder die top 10, twee onder die top 5 en vyf kom nasionaal tweede of derde. Ons is baie trots op vyf nasionale wenners in hul onderskeie genres.

Die Johan van Rensburg-trofee vir algehele beste prestasie word aan Nico Smit toegeken. Gimmies se kuns is die algehele wenner van die kunsafdeling en die Gimmie-kamerkoor wen die gevorderde kore-afdeling.

Gimmies word vir die derde agtereenvolgende jaar as die beste kultuurskool in die land aangewys.

## 3.2 Kunsakademie

Die afgelope jaar was Gimmies se Kunsakademie baie aktief.

Dinsdae het laerskoolleerders klas gehad en Woensdae graad 8- tot 11-leerders van Gimmies en ander skole. Die volgende aktiwiteite is suksesvol aangepak en kreatief afgehandel: landskapkuns, monodruk, skilder van ‘n droomtoneel, gesigstudies met houtskool, tipografie met pointillistiese tegniek op *canvas*, agamografie met dag- en nagtonele met pastelle, Monet se waterlelies, narratiewe *collages* en *assemblage* en onder-die-water-tonele waar leerders meer oor die seelewe kon leer. Uitstappies is na galerye en die Botaniese tuin onderneem.

Woensdae het Gimmie-leerders ook fotografie-klasse gehad waar van interessante en verskeie velde geleer is, o.a. sport-, landskapfotografie, *lightroom*, spesiale watereffekte, argitektuurfotografie en spesiale wenke is gedeel om leerders bewus te maak daarvan dat foto’s op ‘n innoverende wyse aangepak moet word. Leerders het suksesvol aan die Gimmie-, asook die Allegretto-Eisteddfod deelgeneem. Renee Bezuidenhout is as die beste senior fotograaf op nasionale vlak aangewys.

Gedurende die Junie-/Julie-vakansie is leerders se werk by Snowflake uitgestal.

## 3.3 Dansakademie

Die Gimmie-dansakademie het hierdie jaar by talle geleenthede opgetree en by verskeie kompetisies uitstekend presteer. Leerders kon uit Hip Hop-, Kontemporêre- en Jazz-dansstyle kies en hulle is deur oud-Gimmie, Anchenique Papenfus, afgerig. Dansgroepe het o.a. aan die Gimmie- en Allegretto-Eisteddfod en die *Talent Africa*-kompetisie deelgeneem.

Die Choreografie-span en ’n aantal solodansers, wat deel vorm van die Dansakademie, het aan die DASA-kompetisie asook die *Talent Africa*-kompetisie deelgeneem en al ons dansers het Noordwes-kleure verwerf. Ons eerste dansspan kwalifiseer om in 2025 aan die *Mediterranean Legends Festival and Competition* in Spanje deel te neem.

## 3.4 Dramaklub

Die dramaklub het tussen Maart en September op ’n gereelde basis bymekaargekom. Die hoogtepunte van die jaar was die aanleer van die moets en moenies wanneer jy vir ’n oudisie gaan, asook die besoek aan Potchefstroom Akademie waar ’n grimeerkunstenaar die leerders geleer het hoe om spesiale effekte vir ’n toneel- of filmproduksie te doen.

## 3.5 Toneel

Gimmies se toneelstuk, *Spel*, geskryf deur prof. Pierre-André Viviers, is in 2024 vir drie nasionale kompetisies ingeskryf en het uitstekend presteer. By die FAK-Allegretto Toneelfees verwerf die stuk ‘n algehele goue sertifikaat en ook die toekenning vir beste dekor. Die toneelgroep het by Aardklop Pronk Podium goue- en silwersertifikate ontvang en deurgedring na die finaal van dié kompetisie waar die top ses produksies deelgeneem het.

Die grootste prestasie was beslis dat die stuk deurgedring het na die nasionale finaal van die ATKV-Tienertoneelkompetisie. Die top tien skoleproduksies in die land het by die *Artscape*-teater in Kaapstad meegeding. Een van ons akteurs, Etienne Dannhauser, is hier raakgesien en vir ‘n ATKV-agentskaprol gekies. Gimmies is baie trots op wat dié uitstekende toneelgroep vermag het.

## 3.6 Vlekvry

Vlekvry is ons jeuggroep wat leerders van graad 8-12 weekliks begelei om op ’n positiewe manier in hulle geloof te groei en ’n diepe verhouding met Jesus te ontwikkel. Die groep kom Woensdae bymekaar om deur aanbidding, gebed, en Bybelse leringe die Woord beter te leer ken en Jesus se boodskap in hul daaglikse lewe toe te pas. Hierdie byeenkomste skep ’n ruimte waar jongmense aktief kan deelneem, vrae kan vra, ervarings kan deel, en hulle kan toerus om Jesus se liefde met selfvertroue met ander te deel.

Donderdae kom seuns en dogters apart bymekaar en die byeenkomste is baie spesiaal. By die dogters word op temas soos selfbeeld en identiteit in hul rol as vroue in God se koninkryk gefokus, terwyl die seunsgroep leierskap en karakter-ontwikkeling vanuit ’n Christelike perspektief aanmoedig. Dit bied ’n veilige en ondersteunende omgewing waar leerders hul unieke identiteit kan verstaan en hulself as waardevolle individue sien. Deur middel van gesprekke en praktiese aktiwiteite bou dié groepe ’n sterk gemeenskap waar leerders mekaar kan ondersteun en inspireer om as jong Christen-rolmodelle op te tree. Vlekvry se doel is om ’n blywende impak op ons skool en gemeenskap te maak deur die volgende generasie te bemagtig om Jesus se liefde en waarheid uit te leef.

## 3.7 Sasima-skoolkoerant

Die Sasima is in 2024 net een keer uitgegee. Die uitgawe is ook elektronies op Gimmies se sosialemediaplatforms gedeel.

Leerders skryf die berigte, neem foto’s en hanteer die taalversorging. Die redaksie word op ‘n praktiese manier aan die mediamilieu blootgestel en het onder leiding van me. Maryke van Heerden ook die bladuitleg hanteer.

## 3.8 Debat

Gimmies se debatspanne het in 2024 hulle stemme dik gemaak en ons is dankbaar vir die buite-afrigter, Annie de Kok, wat baie ure ingesit het om hulle af te rig. Ons junior- en seniorspan het aan die ATKV-uitdunronde deelgeneem.

Die beste sprekers is geïdentifiseer en vier spanne is vir die Con Spirito-debatskompetisie ingeskryf. Drie van dié spanne het na die finaal, wat by Curro Durbanville gehou is, deurgedring en teen skole soos Affies Seuns, Hoërskool Rustenburg en Durbanville Meisies meegeding en hulle goed van hul taak gekwyt.

### 3.9 Redenaars

Een en dertig redenaars neem aan die ATKV-Redenaarskompetisie deel en drie dring na die landsfinaal deur. Inneke Liebenberg eindig sesde en Carike Hattingh veertiende.

Die Radikale Redenaars gaan vanjaar van krag tot krag. Drie en twintig sprekers het vir die kompetisie inskryf en sewe neem aan die Noordwes-finaal deel. Salonée Hartman eindig tweede by die landswye finaal.

### 3.10 Spelkompetisie

Vier Gimmies neem vanjaar met goeie gevolg aan die finaal van die ATKV-DigiSpel-kompetisie in Bloemfontein deel. Hierdie kompetisie verg baie ure se voorbereiding en ons is baie trots op die prestasies wat ons leerders kon behaal. In die seniorkategorie is Inge Grobler die naaswenner en Deidré Olivier eindig onder die top 6. Ricco Pretorius en Rossouw Nel eindig onder die top 6-deelnemers in die juniorkategorie.

### 3.11 ATKVonk

Die ATKVonk-leerders het vanjaar ’n idiome-kompetisie, Woordwarrel, waaraan graad 8-12-leerders kon deelneem, aangebied. Die ATKV het verskeie idiomespeletjies as pryse geborg en ATKV-Buffelspoort het ’n naweekgesins-wegbreek as prys gegee.

Hulle het ook ’n kortfilmkursus, *Kliek ’n Fliek*, in samewerking met Theunis Nel, ’n bekende in filmproduksie, georganiseer en aangebied. Leerders moes na afloop van die kursus ’n 30 sekonde kortfilm met klank en dialoog maak.

## 4. SPORT

### 4.1 Netbal

Tydens die NWU-Prestige-sportreeks eindig Gimmies algeheel vierde. Die o.17A-span wen ’n goue medalje, die eerste- en tweede span ‘n silwermedalje en die derde- en o.14A-span eindig derde.

Vyftien netbalspelers word vir Noordwes-spanne gekies en twee word in die o.18 top 35-oefengroep opgeneem. Een o.17-speler word vir die top 35-oefengroep gekies.

Die o.14A-, o.15A- en o.16A-span neem aan die Noordwes-dag deel waar die o.14A- en o.15A-span eerste kom en die o.16A-span vierde. By die o.17A- en eerste netbalspan se Noordwes-dag eindig die eerste netbalspan eerste en die o.17A’s kom derde.

Ons eerste netbalspan eindig vierde in die land by die DSTV-kampioenskappe, die o.14A’s twaalfde en die o.17A’s elfde. Die o.15A-span eindig vierde by die Kay Motsepe-toernooi.

Ons is baie trots op ons netbalspelers se prestasies en kan sien dat hulle harde werk beloon is.

***Fast five*-netbal**

Gimmies het vanjaar vir die eerste keer ‘n *Fast five*-toernooi aangebied en dit was ‘n groot sukses.

Die o.15 Gim 1-span het die toernooi gewen en die o.17 Gim 1-span was naaswenners. By die Noordwes-dag het die o.15-span as naaswenners weggestap en die o.17-span is as Noordwes-wenners gekroon.

By die Suid-Afrikaanse kampioenskappe eindig die o.15’s onder die top 10 en die o.17’s derde in die groepwedstryde.

## 4.2 Hokkie

### 4.2.1 Dogters

Tydens die NWU-Prestige-sportreeks eindig die dogters algeheel derde met twee tweede-, twee derde-, twee vierde-, ‘n vyfde- en negende plek.

By die Noordwes-dag neem al agt dogterspanne deel en die o.14A-, o.15A-, o.15B-, eerste- en tweede span word as wenners gekroon. Die o.16A- en -B-span eindig tweede en die o.14B’s derde. Een en twintig dogters word in Noordwes-spanne opgeneem.

Al ons A-spanne kwalifiseer vir die A-afdeling van die Noordvaal-kampioenskappe. Die eerste hokkiespan eindig vierde, die o.16A- en o.14A-span sesde en die o.15A’s twaalfde.

### 4.2.2 Seuns

Tydens die NWU-Prestige-sportreeks eindig die seuns algeheel vierde. Die eerste hokkiespan eindig tweede en die o.16A-span vierde.

Die A-spanne neem aan die Noordwes-dag deel en die o.14A- en o.16A-span behaal ‘n eerste plek en die eerste span ‘n tweede plek.

Die o.16B- en tweede span neem aan die Noordwes *1st Division*-liga deel en altwee spanne eindig derde. Sestien seuns word in Noordwes-spanne opgeneem.

Al ons A-spanne kwalifiseer vir die Noordvaal-kampioenskappe. Die o.14A-span eindig derde, die o.16A’s sewende en die eerste span tiende.

## 4.3 Krieket

### 4.3.1 Dogters

Twintig dogters speel vanjaar krieket. Vir die eerste keer vorm die dogters se liga deel van die SA20-skolereeks en ons hoop om deur te dring na die reeks wat vroeg in 2025 plaasvind. Deidré van Rensburg word in die finale o.19 Protea-oefengroep opgeneem wat in 2025 aan die Wêreldbeker-toernooi deelneem en sy en Tlotlo Bogatsu is ook deel van die Noordwes Senior Dragons-span.

### 4.3.2 Seuns

Gimmies se seunskrieketspanne vaar vanjaar baie goed. Al ons krieketspanne het toere onderneem.

Ons bied vir die tweede jaar die Gimmie-krieketfees vir o.16- en o.18-spanne aan.

Die eerstespan wen vir die eerste keer die noord/suid derby teen Paarl Gimnasium en die o.15A-span eindig in die top 4 by Noordvaal.

Agt krieketspelers word in Noordwes-spanne opgeneem.

## 4.4 Rugby

Die 2024-rugbyseisoen was vol hoogtepunte en het vir naelbytoomblikke, sportmangees en Gimmie-guts gesorg. Toegewyde afrigters het hard gewerk om die spelers voor te berei, te motiveer en te ontwikkel.

Ons eerste rugbyspan word as kampioene van die Bowl-afdeling van die Noordvaal-beker gekroon nadat hulle in die doodsnikke van die wedstryd teen Hoërskool Eldoraigne hulle staal wys en ‘n puik oorwinning van 18-17 behaal.

Ons o.14A- en o.16A-span het ook goed presteer. Hulle eindig algeheel vierde in die Noordvaal-liga. Die skool eindig vyfde in die Noordvaal Bowl-afdeling.

Verskeie spelers word vir die Cravenweek- en Grant Khomo-span asook Noordwes-spanne gekies.

## 4.5 Tennis

2024 se hoogtepunt op die tenniskalender was dat die juniors en seniors die NWU-Prestige-sportreeks gewen het en die skool die tennistrofee as algehele wenner verower het. Die twaalf ligaspanne, wat aan die Noordwes-hoërskoleliga deelgeneem het, het nege ligas gewen. Die seunspan wen die Absolut Menlo-tennistoernooi waaraan twaalf van die beste tennisskole in die land deelneem.

Die o.15-seuns en -dogters het aan die Affies-toernooie deelgeneem en ons naam hoog gehou. By die gesogte Gerrie Berner-tennistoernooi in die Paarl kom ons agtste en by die Sun City-toernooi het die seniorspan tweede en die juniorspan derde geëindig. Ons eie NWU-Multisurface-toernooi is suksesvol in September aangebied.

Verskeie leerders het Noordwes-kleure verwerf en het aan ‘n interprovinsiale tennistoernooi in Pretoria deelgeneem.

Ons bedank die Guts-tennisakademie vir hul bydrae tot ons uitsonderlike tennisprestasies.

## 4.6 Atletiek

Atlete neem onder andere aan byeenkomste by Affies, Zwartkop, Noordheuwel Top 15, die Noordwes-Interhoër en die Superinterhoër deel. Gimmies eindig tweede by die Noordwes-Interhoër en alhoewel atlete hulle bes gedoen het, eindig ons laaste in die Superinterhoër se A-afdeling en ons skuif in 2025 terug na die B-afdeling toe.

Nege en twintig atlete het aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem. Sihle Mahlangu neem aan die Junior Wêreldkampioenskappe in Peru deel en hy en sy spanmaats verower ‘n silwermedalje in die 4 x 400 m mansaflos.

Gimmies is baie trots op elke atleet wat hierdie jaar hulle heel beste gegee het en hoë hoogtes bereik het.

## 4.7 Landloop

Landloop is pret vir die langasems. Ongeveer vier en twintig atlete het gedurende die seisoen aan ‘n aantal ligas deelgeneem. By die NWU-Prestige-sportreeks eindig Gimmies tweede en by die Noordwes-kampioenskappe kom vier atlete eerste, twee tweede en een derde.

Twintig atlete word in die Noordwes-landloopspan opgeneem wat aan die Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelneem.

Topprestasies by die Suid-Afrikaanse kampioenskappe:
Dogters o.17 – Andrea Steynberg: silwermedalje en Abbigail Viljoen: negende
Junior dames – Alri Verster: sesde
*Youth*-seunsafdeling (2 km) – Bertus vd Linde: sewende
*Youth*-dogtersafdeling (2 km) – Andrea Steynberg: goue medalje
Junior dames – Alri Verster (2 km): vierde

## 4.8 Luggeweerskiet

Vier en twintig skuts is vanjaar in die skyfskietspan en het aan ses ligas, die provinsiale proewe en Suid-Afrikaanse kampioenskappe deelgeneem. Skuts word volgens die uitslae van hul beste drie ligas na die provinsiale proewe genooi. Veertien neem aan dié proewe deel en elf word gekies om aan die nasionale kampioenskappe deel te neem.

## 4.9 Gholf

Gimmies het vanjaar sewe gholfspanne: ‘n o.15A- & -B-span, vier oop spanne en ‘n dogterspan.

Twee ligarondes het voor die jaarlikse Sun City-toernooi plaasgevind. Gimmies wen die B-afdeling by Sun City en Adriaan van Niekerk word as die speler met die beste “net” totaal aangewys. Later in die jaar het nog twee ligarondes gevolg. Die o.15A-span is mede-wenners van hul liga, ‘n prestasie waarop ons baie trots is. Jahndré Coetzee verteenwoordig Noordwes by ‘n vriendskaplike toernooi teen ander provinsies.

Die Gholf-Akademie is goed op dreef en spelers kry reeds privaat afrigting. Die setperkgedeelte is voltooi en leerders is reeds hard aan die oefen om hul setwerk te verbeter.

## 4.10 Skaak

Gimmies neem aan die NWU-Prestige-sportreeks deel en word as algehele wenners aangewys. Die juniorspan eindig tweede en die seniorspan word as wenners gekroon. Geen amptelike skoleliga vind plaas nie.

Dewald Coetsee en Kari Goede neem aan die Afrika Jeug-kampioenskappe, wat vanjaar in Boksburg gehou is, deel asook aan die Suid-Afrikaanse Geslote Skaakkampioenskappe en presteer goed. Dewald word ook in die Gauteng-span opgeneem.

## 4.11 Swem

Ons swemspan het ons vanjaar weer trots gemaak met hulle uitmuntende prestasies. Nie alleen het ons die Noordwes-skolekampioenskappe gewen nie, maar ons het ook vir ‘n tweede agtereenvolgende jaar die Sweminterhoër gewen.

Hierdie oorwinnings getuig van harde werk, passie en onwrikbare toewyding van elke swemmer.

Ons was bevoorreg om vanjaar die volgende provinsiale swemmers in ons midde te hê, wat almal ‘n bydrae tot ons sukses gelewer het: Alexia Delicado, Wilbert Vorster, René Kotzé, Madelé Harding, Mathilda Liebenberg, Xandri Palmer, Minke Bester, Egbert Palmer en Wian Bartleman.

Die volgende swemmers het ook baie goed by die Suid-Afrikaanse swemkampioenskappe presteer:
**Juniors**: René Kotzé, Xandri Palmer, Madelé Harding, Minke Bester, Wian Bartleman en Egbert Palmer.
**Seniors**: Alexia Delicado, Mathilda Liebenberg en Wilbert Vorster.

Ons is veral trots op Wian Bartleman wat ‘n uitstaande tweede plek by die Suid-Afrikaanse Opewaterkampioenskappe behaal het. Sy prestasies getuig van talent en deursettingsvermoë.

## 4.12 Muurbal

Vanjaar het dertien spanne in die gemengde liga van die Potchefstroom Hoërskole-muurballiga deelgeneem. Die nie-amptelike wenners is die Uitnodigingspan waarin vier Gimmies speel. Gimmies se Wit-span is ligawenners en die Blou-span eindig vierde.

Ethan Metcalfe, Nathan Metcalfe en Bianke Pienaar het Noordwes-kleure verwerf en hulle verteenwoordig Noordwes by die SA Plattelandse Distrikte-toernooi.

Bianke Pienaar beklee topposisies op verskeie ranglyste. Sy is o.a. die nr. 1-speler in die SACD junior o.19-span. As o.19-speler verwerf sy reeds Protea-kleure en sy het Suid-Afrika by die Junior Muurbalwêreldkampioenskappe in Houston, Texas, verteenwoordig.

## 4.13 Bergfiets

Gimmies se bergfietsryers skop die seisoen in Julie met die eerste XCO-wedren by Hoërskool Rustenburg af. Die ryers neem aan ses wedrenne deel en eindig sesde in die Noordwes-reeks.

Reuben Jonker, Alex Fourie en Philip Moodie lewer spogvertonings in die Sub-junior- en Jeug-afdelings en hulle verwerf Noordwes-kleure.

## 4.14 Gimmie-Volkie

Die Gimmie-Volkie-kragmeting is vanjaar deur Volkies aangebied en was weer eens ‘n hoogtepunt op ons skoolkalender. Al vier ons eerste spanne wen hulle wedstryde en van die sewe en twintig wedstryde wat gespeel is, het ons twee en twintig gewen. Die gees, sportmanskap en ondersteuning het die naweek nog spesialer gemaak.

## 4.15 GSOK

**Fondsinsamelings**

Die Valentynsbal vir volwassenes was ’n hoogtepunt en die GSOK-gholfdag, wat op 19 April gehou is, was baie winsgewend.

Maandelikse netwerkgeleenthede vir GSOK-ondernemings is suksesvol van stapel gestuur en bystand is verleen met die Beheerliggaam se Graan- en PnP-worsbroodjie-projek.

**Bemarking**
'n Nuwe bemarker is aangestel en veertien nuwe sportvideo's en ’n 3D-video is van die koshuise gemaak. Nuwe advertensieborde is by die parkeerarea aangebring.

**Fasiliteite en hulpbronne**
Tien gazebo's en vier baniere is aangekoop en verskeie fasiliteite is opgegradeer. 'n Nuwe telbord is by Mooivallei-sportgronde geïnstalleer.

**Lidmaatskapgroei**
Tans het GSOK 52 ingeskrewe besigheids- en 174 individuele lede.

## 5. OPEDAG

Die Opedag is op 17 April gehou. Die geleentheid het op die Gimmie-Oval afgeskop waar die graad 7’s en hul ouers na ’n pragtige bemarkingsvideo van die skool gekyk het. Graad 7-ouers en -leerders kon vooraf die koshuise besoek. Die doel van dié aand was om die skool op ‘n prettige manier vir voornemende Gimmies te wys en om hulle opgewonde te maak oor hulle hoërskoolloopbaan. Terwyl graad 7’s deur die Gimmieraad en personeel besig gehou is, het die hoof die ouers toegespreek en daarna het hulle gekuier.

Ouers het ook die geleentheid gehad om op ’n begeleide toer deur die skool te gaan. Daar was verskillende sport- en kultuurstalletjies. Die voornemende Gimmies is met eet- en drinkgoed bederf, maar die leer van die unieke Gimmie-dans en -krete was ‘n hoogtepunt. Hulle het die aand met ‘n *flash* mob-dansvertoning vir hul ouers afgesluit.

Op Dinsdag 8 Oktober is ’n inligtingsaand vir graad 7’s, wat reeds vir 2025 ingeskryf het, gehou. Gimmieraadlede het vir die graad 8’s vertel wat hulle van hul hoërskoolloopbaan kan verwag en waarna hulle kan uitsien. Meneer Willie van der Merwe het belangrike inligting oor 2025 met die ouers gedeel. Ons sien met afwagting uit na ’n oulike groep graad 8’s wat volgende jaar deel van die Gimmie-familie word.

## 6. KOSHUISSAKE

Cachet het vanjaar 114 dogters gehuisves en Brandwag 106 seuns.

Met dreigende krag- en waterprobleme is kragopwekkers, gas-oonde en watertenks aangekoop. ‘n Boorgat is ook gesink om te verseker dat ons koshuisinwoners se dae so normaal moontlik verloop.

Deurlopende verbeterings is aangebring. Cachet spog met nuwe matrasse en gordyne en watersuiweraars is in albei koshuise geplaas vir deurlopende vars, koue water.
Die koshuise is gedurende vakansietye vir toergroepe, wat toernooie bywoon, gebruik en dit bly ‘n handige ekstra inkomste vir die koshuise omdat die wins aangewend kan word tot voordeel van ons koshuisleerders.

Nuwe tradisies is begin en die gevoel van ‘n hegte koshuisfamilie groei steeds by albei koshuise.

## 7. FINANSIES

Tydens die begrotingsvergadering in November 2023 is die gelde vir 2024 vasgestel en graad 8-12 se skoolgeld het vanjaar R25 760 beloop en die koshuisgeld R36 900.

## 8. PERSONEELAANGELEENTHEDE

Ons groet me. Christine Pienaar wat na 33 jaar by Gimmies aftree. Mag sy in hierdie nuwe hoofstuk van haar lewe baie vreugde ervaar.

Mee. Lizri de Villiers en Nadene Kühn gaan oorsee skoolhou en mnr. Wian Lubbe en Theo Olivier gaan volgende jaar by ander skole skoolhou. Ons wens hulle voorspoed toe.

Baie geluk en welkom aan die nuwe personeel wat in 2025 by ons aansluit:

- Me. Bianca Coetzee (rekeningkunde en besigheidstudies)
- Me. Leandri Botha (wiskunde)
- Me. Riekie van der Nest (wiskundige geletterdheid)
- Me. Shani Moore (ekonomie en besigheidstudies)
- Mnr. Regardt Kleingeld (Rugbydirekteur)

## 9. OMGEE-PROJEKTE

Die Gimmie-gebedsgroep en Manna-projek loop hand aan hand. ‘n Groep Gimmie-mammas bid elke Maandag-oggend vir die skool, leerders, onderwysers en Gimmie-gesinne. Hieruit het die Manna-projek ontstaan waar ouers donasies of produkte gee wat gebruik word om Maandae tot Vrydae kos aan twintig behoeftige leerders te voorsien. Ouers help ook met toiletware waar nodig.

Kersfees-pakkies is aan Ons Hulde-ouetehuis geskenk en ons hoop dat dit die oumense se harte warm sal laat klop.

## 10. GIMMIE-NEURS

Gimmie-neurs het sy ontstaan te danke aan die ekonomiese klimaat in Suid-Afrika. Die klub se visie is om voornemende entrepreneurs te inspireer en aan te moedig om passievol oor unieke besigheidsidees te wees. Leerders word toegerus om begeesterde besigheidsleiers te wees wat in die toekoms selfonderhoudend kan wees en hulle eie unieke produkte en/of diens lewer.

## 11. ROBOTIKA

Graad 10- en 11-leerders het by die NWU se robotika-program ingeskakel. Die graad 10’s het met elektronies programmeerbare lego-blokkies gewerk en die graad 11’s se projek was meer meganies van aard. Die leerders het dit baie geniet en die blootstelling was verrykend.

## 12. LANDBOUVERENIGING

In samewerking met Limagrain Field Seeds is daar vanjaar ’n Landbouvereniging op die been gebring en die betrokke leerders sien baie uit na projekte wat in 2025 aangepak gaan word.

## 13. TEN SLOTTE

Wanneer ons terugkyk sien ons duidelik hoe die Here ons hand vasgehou het en ons gelei het deur die jaar. Daar is ook tye waar die enkel ry spore daarop dui dat

Hy ons gedra het deur die moeilike tye. Aan Hom al die eer vir ‘n uiters suksesvolle 2024.

Ons kyk egter ook in alle nederigheid, maar met groot afwagting vorentoe na 2025. Mag ons kollektiewe strewe na verbetering die rigtingwyser vir ons almal wees om die skool van krag tot krag te laat gaan. Ons nooi u uit om in 2025 deel te raak van ons drome vir die skool.

**FW van der Merwe**
**Hoof**